IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

Ass. 2

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-02-13

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 24

(Bladsye 1149 - 1163)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT.

THULO RONALD KOAHO, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : Ek vra verlof dat die Hof my sal verskoon. Mnr. Hanekom het met die getuie gekonsulteer en hy sal hom lei verder.

HOF : Mnr. Hanekom, waaroor gaan die getuienis?

MNR. HANEKOM : Die getuie gaan getuig oor die vergadering van 19 Augustus 1984 in die kerk van beskuldigde nr. 3. Dit word vervat in paragraaf 73(6) van die akte. Dit is bladsy 125.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Vereeniging? -- Dit is reg.

Op 19 Augustus 1984 het u gegaan na 'n vergadering in die St. Cyprian Anglikaanse Kerk in Sharpeville? -- Dit is reg.

Het u alleen gegaan of was u vergesel van ander persone? -- Ek was in die geselskap van twee persone.

Ek wil nie hê u moet op hierdie stadium sê wie die persone was nie, behalwe een is 'n oorledene. U kan sy naam aan die Hof verstrek. -- Letsele is die persoon se naam.

Is hy ook 'n polisieman? -- Dit is so.

Het die drie van u saam na die kerk toe gegaan? -- Ja.

Hoe laat was dit omtrent? -- 13h30.

Het u die kerkgebou binnegegaan of buite gebly? -- Ons het binne gegaan.

Het u sitplek ingeneem in die kerk? -- Ja, dit is so.

Was daar 'n vergadering aan die gang op daardie stadium of nog nie? -- Dit is voor die vergadering begin het.

Was die persone nog besig om voorbereidsels te tref op die verhoog? Ons het getuienis gehad daar is 'n platform in die kerk? -- Dit is so.

Het u van die persone geken wat met die voorbereidsels

... / daar

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

daar besig was? -- Ja.

Wie was dit? -- Ene Oupa Hlomoka het ek geken.

Beskuldigde nr. 2. -- En Nosipho Myeza.

Was daar by die platform enige baniere?

HOF : Net voor u verder gaan, is Nozipho Myeza 'n dame? -- Ja. Daar was baniere.

MNR.HANEKOM : Laat ek dit net duidelik kry. Was daar baniere of net een banier? -- Daar was net een.

Wat was op die banier geskryf? -- Die volgende was daarop geskryf "Away with councillors. No more rent heights." Dit is al wat ek kan onthou.

Nadat u 'n tydjie gesit het in die kerk, het mense die kerk binnegekom na die verhoog toe? -- Ja, dit is so.

Het u van die mense geken wat ingekom het? -- Ja, dit is so.

Wie is hulle? -- Die predikant Moselane.

Beskuldigde nr. 3. -- En Tom Mathata.

Beskuldigde nr. 16.

HOF : Is dit beskuldigde nr. 16? -- Ja, dit is.

MNR. HANEKOM : Het u nog mense geken? -- En Baleka.

HOF : Wie is Baleka? -- Beskuldigde nr. 1.

MNR. HANEKOM : Nog iemand wat u geken het? -- More.

Sien u hom hier? -- Beskuldigde nr. 4.

Nog mense of was dit net hulle vier? -- Wat ek nog kan onthou, ja.

Het hierdie persone net ingekom of het hulle ook na die verhoog toe gegaan? -- Hulle is na die verhoog toe.

Wat het die gehoor gedoen toe hulle ingekom het? -- Die gehoor het opgestaan, hulle vuiste opgelig en hierdie woord gebruik Amandla.

Was die kerk vol mense of nie baie vol nie? -- Dit was

... / vol

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vol gewees.

Het die verrigtinge toe in die kerk begin? -- Ja.

Wie het begin? -- Die predikant Moselane het dit geopen met 'n gebed en ook gelees uit 'n Bybel.

Is dit beskuldigde nr. 3? -- Ja.

Watter deel het hy in die Bybel behandel? Net kortliks? -- Hy het gelees oor die Israeliete en die Egiptenare.

Het hy die deel wat hy gelees het toegelig? -- Ja, hy het.

Wat het hy gesê? -- Hy het dit so toegelig soos volg. Hy het 'n vergelyking gemaak van die Israeliete en die Egiptenare met die mense, dit is die gemeenskap en die raadslede.

Wat het hy gesê? -- Hy het gesê die raadslede onderdruk die persone, net soos die Egiptenare wat die Israeliete onderdruk het.

Het beskuldigde nr. 3 na hy gelees en gebid het self 'n toespraak gemaak of nie? -- Nee, hy het net gesê daar is sekere mense wat toesprake gaan maak.

Wat het hy nog gesê? -- Hy het gesê hy onthou op 'n sekere dag toe 'n Swartvroumens na hom toe gekom het, wat die volgende teenoor hom gebesig het "Predikant, as hierdie huurgelde verhoog word, sal ek dit nie kan bekostig om kos vir my kinders te koop nie, selfs om die kinders skool toe te laat gaan nie."

Het hy nog iets gesê of is dit al? -- Dit is al wat ek kan onthou.

Het beskuldigde nr. 3 toe 'n spreker aan die gehoor voorgestel?-- Ja, hy het.

Wie was dit? -- Hy het die spreker voorgestel as ene Tom Manthata wat van Soweto afkomstig is.

Beskuldigde nr. 16. Het hy hom nog verder voorgestel? -- Ja. Hy het verder gesê die persoon kom van die Committee of Ten en ook van Soweto Civic Association.

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het beskuldigde nr. 16 toe 'n toespraak gemaak? -- Voor die toespraak het die persoon opgestaan, sy regterhand opgelig met 'n gebalde vuis en die woord gebesig Amandla.

Was daar reaksie daarop? -- Die mense het in die kerkgebou het opgestaan en geantwoord Awethu, ingesluit die predikant.

Wie is die predikant waarna u verwys? -- Beskuldigde nr. 3.

Het beskuldigde nr. 16 toe sy toespraak gelewer? -- Ja.

Waaroor het sy toespraak gehandel? -- Hy het gesê daar is nie, dit maak nie sin dat Swartmense hulle mede-Swartmense onderdruk nie. Hy het toe verder gesê die jeug het nie die raadslede gekies nie. Hy het verder uitgebrei deur te sê die raadslede het die ou mense brood (die woord gebruik is dubbelsinnig, dit kan beteken kledingstukke of slaapkomberse) gegee, sodat die ou mense hulle, die raadslede, moet kies. Hy het toe 'n voorbeeld gemaak ten opsigte van die TV, waar die Wit ou mense hulle beswaar geopper het oor die verhoging van huurgelde, waarna die Regering toe gehoor gegee het en nie die huurgelde verhoog het nie. Hy sê toe verder hoe kan dit nie ook gebeur met die Swart ou mense wat pensioenarisse is nie. Hy sê toe verder "Julle het die krag, maar julle weet nie hoe om dit te gebruik nie." Hy sê toe "Dit is nou tyd dat julle julle krag gebruik."

Het hy gesê hoe die krag gebruik moes word of teen wie dit gebruik moes word? -- Ja, hy het.

Gaan maar aan? -- Hy het gesê "ons moet hierdie raadslede maak dat hulle moet bedank." Hy sê toe verder "Ons het hulle gevra om die werk te los. Ons het hulle gevra om nie die huurgelde te verhoog, maar hulle het nie daaraan gehoor gegee nie." Hy het toe 'n papier te voorskyn gebring wat 'n kennisgewing was aangaande die verhoging van die huurgelde. Hy het dit

... / geskeur

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

geskeur en toe verder gesê "Dit is eintlik net so goed om dit aan die brand te steek." Daarna het die mense, die gehoor, opgestaan en Amandla geskreeu. Hy het toe voortgegaan en toe gesê hy maak 'n oproep by die mense dat die mense almal nie by die raadslede se winkels inkopies moet doen nie, selfs nie brandstof, petrol, by die raadslede se garages moet gaan ingooi nie. Hulle moet ook nie drank gaan koop by die raadslede se drankwinkels nie. Hy het toe voortgegaan en gesê "Nou is dit tyd dat ons die raadslede moet doodmaak, want hulle wil nie bedank nie." Hy het toe gesê hulle moet met klippe aangeval word. (Die woord ook hier gebruik is dubbelsinnig. Dit kan wees dat hulle met klippe gegooi moet word of met klippe geslaan moet word tot hulle dood is en dan aan die brand gesteek word.)

Wat was die reaksie van die gehoor? -- Die gehoor het opgestaan en Amandla geskreeu. Hy het toe voortgegaan en toe verder gesê al die mense wat daar teenwoordig is moet by organisasies aansluit, want die organisasies sal na hulle kyk.

Is dit al van sy toespraak? Was hy toe klaar? -- Dit was die toespraak deur hom.

HOF : Het hy die name van organisasies genoem of nie? -- Nee, hy het nie die name genoem nie.

MNR. HANEKOM : Wat het toe gebeur na hy gepraat het? -- More het toe opgestaan.

HOF: Wie is More? -- Beskuldigde nr. 4.

Sal beskuldigde nr. 4 net opstaan? -- Ja, dit is hy. Hy het toe Oupa Hlomoka voorgestel.

MNR. HANEKOM : Beskuldigde nr. 2? -- Ja, dit is korrek.

Het beskuldigde nr. 2 toe 'n toespraak gemaak? -- Ja.

Waaroor het hy gepraat? -- Hy het gesê hy rig 'n versoek aan die mense dat hulle nie van die raadslede se winkels moet

... / gaan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gaan koop nie en ook nie gebruik moet maak van die huurmotors wat aan raadslede behoort nie. Hy sê toe verder hy versoek al die mense, die gehoor daar, om hierdie boodskap van hom oor te dra aan die mense in die woonbuurtes om hierdie boikot te help. Hy het toe voortgegaan en gesê dat die raadslede het 'n krag wat hulle, die raadslede, gebruik op 'n foutiewe basis. Hulle haal mense uit die huise uit, as die mense nie in staat is om die huurgelde te betaal nie. Hy sê toe dit is al wat hy kan sê, want die res van wat hy sou gesê het, het Manthata al reeds van gepraat.

Beskuldigde nr. 16? -- Ja, dit is so.

Het daar toe nog mense gepraat? -- Ja. Beskuldigde nr. 4 het toe daarna beskuldigde nr. 1 voorgestel.

Hoe het hy hom voorgestel? -- Hy het gesê die persoon is van Soweto van die Soweto Students Organisation. Hy is hier om mense van Sharpeville te help of te ondersteun in hulle "struggle".

Het beskuldigde nr. 1 toe sy toespraak gelewer? -- Ja, dit is so.

Wat het hy gedoen net voor hy met sy toespraak begin het? -- Hy het 'n soort van 'n resitasie daar gedoen.

Kan u onthou wat dit was? -- Ja, ek onthou.

Wat was dit? -- "Africa, Africa, come back, my mother's land. I am because you are. You are because I am."

Waaroor het sy toespraak gehandel? -- Die begin van sy toespraak was "Ons soek glad nie die raadslede nie." En sê toe verder "Ons moet hulle wys hoe kragdadig ons is met dit wat ons kan doen." Hy het toe verder gesê "ons moet hulle maak om te bedank."

Het hy gesê hoe dit gedoen moet word? -- Nee, hy het dit nie verduidelik nie.

... / Gaan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Gaan voort? -- Hy sê toe verder "Dit is lank dat hierdie raadslede mense onderdruk. Dit is nou tyd dat ons vir hulle moet wys dat ons hulle nie wil hê nie." Hy het toe 'n oproep gemaak aan die mense dat die mense bymekaar moet kom en baklei en die jeugdiges kan baklei. As die jeugdiges begin baklei, moet die ouers opvolg.

Het hy op die aspek uitgebrei en gesê hoe baklei moet word of nie? -- Nee, hy het nie.

Gaan voort, asseblief. -- Hy sê toe ons moet luister na die lied en baklei.

Wat het hy daarby bedoel? -- Hy het nie verduidelik wat hy daarby bedoel het nie.

Het die beskuldigde sy toespraak op daardie stadium in Engels gedoen of in watter taal? -- Hy het dit in Engels gesê.

Ek wil hê dit wat u nou gesê het wat hy gepraat het van die lied net sê hoe hy dit in Engels gesê het? -- "Let us face the music."

Het hy nog verder iets gesê? -- Om hierdie raadslede te laat besef dat ons nie tevrede is met hulle nie. Hy het toe verder gesê hy maak 'n oproep aan die skoolkinders dat hulle die onderwysers moet nader en die onderwysers gaan sê dat hulle wil hê daar moet SRC wees by hulle verskilende skole.

Het hy enige melding van 'n burgemeester of burgemeesters gemaak in sy toespraak? -- Ja, dit is so.

Wat het hy gesê ? -- Hy het gesê "As Mahlatsi die huurgelde verhoog ... "(Hof kom tussenbei)

HOF : Wie is Mahlatsi? -- Hy is die burgemeester van ons.

Van watter gedeelte? Van Sharpeville? -- Gebied 14, Sebokeng.

MNR. HANEKOM : Gaan voort. -- Hy, wat Mahlatsi is, sal daardie

... / huurgeld

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

huurgeld moet betaal, want die mense het nie geld nie. Al kan hy sy honde stuur. Hy het die Administrasieraad se polisie bedoel. Om die mense uit die huise uit te sit, maar ons sal hulle kry.

Is dit al wat hy te sê gehad het? -- Dit is al wat hy gesê het, ja.

Was daar toe nog verdere sprekers? -- Ja.

Wie was die volgende? -- Nozipho Myeza.

Is dit die dame waarna u heel aan die begin van u getuienis verwys het wat op die verhoog gehelp het? -- Ja, dit is so.

Wat het sy gesê? -- Sy het gesê as sy enige persoon kan sien, wie dit ook al mag wees, wat van die raadslede se winkels gaan koop, sal diegene gedood word en die huis sal aan die brand gesteek word. Sy het toe verder gesê sy maak 'n oproep aan die mense om nie bang te word nie, want hulle is betrokke in die "struggle".

Het sy gesê wat se "struggle"? -- Nee, sy het nie verduidelik nie.

Wat was die reaksie van die gehoor? -- Die gehoor het opgestaan, die hande opgelig en toe gesê "Siyaya, Siyaya."

Mag ek met verlof van die Hof vra dat die tolk vir ons sê wat dit in Afrikaans beteken?

HOF : Ja.

MNR. HANEKOM : Wat beteken dit? -- Dit beteken ons gaan, ons gaan.

Is dit al wat die gehoor geskreeu het, net hierdie twee woorde? -- Ja, dit is al wat ek gehoor het.

Hoe was die atmosfeer in die kerk op daardie stadium? -- Die mense het daar geraas. Daar was 'n soort van 'n deurmekaarspul daar in die kerk. Hulle het heen en weer beweeg.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Was die mense kalm, opgewonde of hoogs emosioneel? Hoe sou u hulle gemoedstoestand beskryf het? -- Hulle was opgewonde gewees.

MNR. HANEKOM : As u sê hulle was opgewonde en dit was 'n deurmekaarspul, wat was die afleiding wat u gemaak het? -- Ek het die afleiding gemaak dat die mense sommer kan begin baklei.

Wat ek eintlik wou vra is, was hulle opgewonde omdat hulle nie saamgestem het met wat gesê is daar deur die sprekers nie? -- My observasie daar was dat hulle saamgestem het met dit wat gesê word.

Wat het u toe gedoen? -- Ek is toe uit en weg.

Was die vergadering nog aan die gang? -- Ja, die vergadering was nog aan die gang.

Hoekom het u op daardie stadium gegaan? -- Omdat van die mense daar in die gehoor besef het dat die oorledene Letsele ook daar teenwoordig was.

Hoekom sê u dit? Hoekom was dit 'n rede om te gaan? -- Ons het toe gedink die mense sal naderhand vir ons daar keer en begin slaan.

HOF : Was Letsele 'n polisieman? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Hoe het u agtergekom dat dit die gevoel van die mense is? -- Toe ons daar buite kom het ons gesien dat hulle met die reserviste beampte van die polisie van Sharpeville wil baklei, of hulle hom wou aanval.

Het daar van die mense met u of met Letsele self gepraat? -- Nee.

Voordat u uit die saal uit is, het enigiemand in die saal iets gesê oor Letsele se teenwoordigheid? -- Nee.

Is daar op die vergadering liedere gesing op enige stadium? -- Nee.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : In case you misunderstand

... / the

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

the tenor of my cross-examination, I am going to put to you right at the beginning that your evidence in relation to accused no. 16, Mr Tom Manthata, is false, and a deliberate attempt to discredit him, his association and the Council of Churches for whom he worked? You will of course deny all that?

MNR. HANEKOM : Ek maak beswaar teen daardie tipe vrae. Ek dink dit kan eers aan die getuie gestel word of hy weet beskuldigde nr. 16 is verbonde aan die Raad van Kerke voor daar hierdie tipe stellings gemaak word. Daar was geen getuienis dat hierdie getuie eers daarvan bewus was nie.

MR BIZOS : It is open to the witness to say that "I know nothing about it. I deny it."

COURT : Yes, but what I was thinking why you were putting this statement to the witness is, are you putting it that his evidence in respect of accused no. 16 is false in toto, that he was not at the meeting or was there, but did not speak or that he did speak, but that part of what he said about him is not true? I do not think it is fair to put it that widely.

MR BIZOS : That he incited people to murder.

COURT : Put it firstly, you are saying that he was there, he did speak but he did not incite people to murder and that that portion of the evidence is false?

MR BIZOS : That is so.

COURT : Put that to the witness. -- He did.

MR BIZOS : If Mr Manthata incited people to murder on 19 August 1984, can you please tell us within how many hours was he arrested for this terrible crime that he committed? -- I do not know when he was arrested.

I am going to suggest to you that he was only arrested on 19 February 1985. Will you be able to admit or deny it? -- I do not know when he was arrested.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

I do not know why you do not want to mention the third person but was what he said said in the presence of at least two policemen? Is that so?

MNR.HANEKOM : Ek kan die Hof behulpsaam wees en ook My Geleerde Vriend help. Die man se naam wat ek nie geopenbaar wil hê nie is 'n getuie ten opsigte van wie aansoek gedoen gaan word dat hy in camera getuig. Daarom wil ek nie hê sy naam moet geopenbaar word nie.

MR BIZOS : I suspected that.

COURT : The question put is, at least two policemen were there when accused no. 16 allegedly stated what you said he stated? -- That is so.

MR BIZOS : What branch are you attached to? -- Security branch.

And Letsele was known as a policeman. For how long have you been in Vereeniging?--It is a year now. It was a year then.

COURT : Was Letsele known as a policeman? -- Quite so, yes.

MR BIZOS : And you had been a security policeman in the Vaal Triangle for a year before 19 August? -- That is so.

Was that kept a secret or did you go about the township doing your work? -- I was doing my work.

Openly? -- Openly.

As a member of the security police? -- Yes, quite so.

Not in any form of disguise? -- No.

You lived in Sebokeng? -- That is so.

And you knew Mr Tom Manthata before that? -- No.

Were you known - to how many of the o ne thousand odd people in that church were you known? -- I do not know whether they knew me.

Were you in the company of Letsele? -- That is so.

... / Why

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Why did you not separate so that you could at least protect your identity? -- There was no reason for that.

So, you were quite openly there as a policeman? -- That is so.

And Letsele was a young man who had lived and was brought up in the community and he was wellknown as a policeman? -- Not in Sharpeville, in Sebokeng, yes.

Was he wellknown as a person who pretended that he was a member of COSAS whilst he was a policeman? -- I do not know him being a member of COSAS.

When did you make the statement from which My Learned Friend, Mr Hanekom, led you? When did you sign it? -- 24 October 1984.

Before 24 October 1984 did you make any notes, any written notes in relation to his features? -- We made a report the Monday, which was 20 August to Captain Steyn.

Written or verbal? -- It was a written report.

Where is that report? -- We handed it to Captain Steyn.

It was a joined report by you and Letsele? -- That is so.

How long was that report? -- Handwritten it was about three pages.

Foolscap pages? -- That is so.

Was it clear that you have gone to this meeting on duty? -- That is so.

Did you say that report on the Monday on oath? -- It was not a statement, it was just a report compiled for our divisional headquarters to be submitted there.

But you are a sergeant, presumably you have been trained. If a crime is committed in your presence, are you not suppose to make a statement on oath and report it immediately so that the culprit can be brought to justice? -- That is so.

... / And

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

And did the then Captain now Major Steyn tell you on the Monday "This is very, very serious stuff. Come and make a statement on oath and you and I will go and arrest Tom Manthata right away on 20 August 1984"? -- No.

Well, did Captain Steyn take any steps whatsoever to there and then with your assistance to bring accused no. 16, Mr Manthata to book for the incitement to murder that he had committed the previous day? -- Captain Steyn he was still awaiting permission from headquarters.

Permission for what? -- As to whether these people can be arrested or not.

Never mind these people, but what about the man who directly have committed the crime of incitement to murder of a number of people in your presence? -- That I cannot explain, because we work on instructions from head-office.

Because I am going to suggest to you that your story about Mr Tom Manthata having incited the people to murder, was conceived and elaborated in October after you knew what had happened and you were looking for scapegoats. What do you say to that? -- Could you repeat that question?

The reason why you have given this evidence and you made this statement in October in the form which it now is, was because you were looking for scapegoats after the most unfortunate events that occurred in the Vaal Triangle from 3 September onwards? -- That is not so.

Can you offer to His Lordship any explanation even if you did make the statement in October why there was a waiting of six months from the date on which the alleged statement incitement to murder was made?

COURT : He has informed you that it is not in his power, that they wait for head-office. They had not got instructions

... / from

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

from head-office yet. Now, is it for him to explain? There is not to reason why.

MR BIZOS : Is that the attitude that you are a sergeant and you do not ask any reasons why? -- I do ask.

You do ask? -- Yes.

Did you ask on 3 or 4 September for instance "Let us go and arrest the person that incited these people on 19 August"? -- That is so.

Whom did you ask? -- Major Steyn.

And what was his answer? -- He said head-office has not given permission yet.

But in order to arrest him they would have required a statement on oath from you? -- That is so.

So, then why did you not get down to the business of writing a statement either on 3 or 4 or 5 September or any day before the end of October when you in fact made it? -- What happened is this. After these events of the riots in September, it is only then that head-office gave permission or instructions to say that the people who incited the others must be arrested.

When did that instruction came to you for the first time? -- It was during October.

How many days before your statement was made? -- About four days prior to that.

Were you accompanied by any senior colleagues who did not come into the hall but were waiting outside when you went to this church on the 19th? -- No, none.

In the security police is there a technique of recording what people are saying by having a mechanism on the person of one individual and recording it some distance away?

MNR. HANEKOM : Ek het opdrag om beswaar te maak teen die

... / vrae

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vrae as dit daarop gemik is om polisiemetodes van ondersoek hier te openbaar.

CCURT : I was at the point of adjourning. I take the adjournment till Tuesday morning, 18 February at 09h00.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS UNTIL 18 FEBRUARY 1986.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017